



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 5

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwyshulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Eendag het 'n boer 'n leeu in 'n hok gevind. Die leeu het by die boer gehuil en gepleit om hom vry te laat: "As jy my vry laat sal ek vir jou 'n koei gee," het leeu gesê.

Die boer het die slot oopgesluit en die leeu vrygelaat. Onmiddellik toe die leeu vry was het hy die boer begin bedreig: "Nou gaan ek jou opvreet." Die boer het 'n jakkals sien kom en gesê: "Kom ons gebruik 'n onpartydige persoon om die situasie te ontleed." Die leeu het ingestem. Hy het na die jakkals gewys en gesê: "Daar is 'n regter."

Die regter het die leeu en die boer elkeen 'n kans gegee om hul storie te vertel. Toe vra hy aan die leeu: "Was die boer in die hok?"

"Nee, ek was" het die leeu geantwoord.

Die jakkals vra toe weer vir leeu: "Was jy en die boer in die hok?"

"Nee, ek het nou net vir jou gesê, EK was in die hok." het die leeu kwaad geantwoord.

Die jakkals vra toe die leeu vir 'n derde keer; "het die boer jou in die hok gesit?"

Die leeu het verontwaardig uitgeroep: "Is jy onnosel? Ek het vir jou gesê dat die boer nie in die hok was nie, Kom ek wys jou."

Hy stap toe binne in die hok. Die jakkals slaan die deur toe en sluit dit. Die boer slaak 'n sug van verligting en bedank die jakkals. Die jakkals knipoog vir die leeu en vra: "Wie is nou die gek?" en hardloop die woud in.

1.1 Omkring die letter wat die beste titel vir die storie sal wees.

- A Die woud vanghok.
- B Die onnosel jakkals.
- C Die vanghok.
- D Die slim regter.

(1)

- 1.2 Skryf 'n gepaste titel vir die storie. (2)
- 1.3 Voltooi die sin hieronder.
Die beste titel vir die storie is ... (2)
- 1.4 Wat is die titel van die storie? (1)
- 2.1 Wat het die boer gedoen toe die leeu hom gedreig het nadat hy hom uit die hok vrygelaat het? (2)
- 2.2 Omkring die letter met die korrekte antwoord
Die leeu het die boer gedreig om hom dood te maak nadat hy uit die hok vrygelaat is. So het die boer ...
- A na die jakkals gehardloop.
- B gevra vir 'n regverdige persoon.
- C gesmeek om sy lewe.
- D gebid dat sy lewe gespaar moes bly. (1)
- 2.3 Voltooi die onderstaande sin.
Toe die leeu die boer gedreig het om hom dood te maak, het die boer ... (2)
- 2.4 Waar of Onwaar? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
Toe die leeu gedreig het om die boer dood te maak, het die boer om sy lewe gesmeek. (2)

- 2.5 Herrangskik die sinne in die korrekte volgorde soos dit in die storie voorgekom het.
- Boer vra vir 'n onpartydige persoon.
- Leeu is vasgevang in die hok.
- Boer help leeu uit die hok.
- Leeu word terug in hok gesit.
- Leeu dreig om boer dood te maak.
- Jakkals word die regter. (2)
- 3.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.
- Die leeu het gedreig om die boer dood te maak toe hy uit die hok losgelaat is, maar die boer was ...
- A kalm.
- B kwaad.
- C gespanne.
- D dankbaar. (1)
- 3.2 Hoe sal jy die boer se reaksie beskryf toe die leeu gedreig het om hom dood te maak? (2)
- 3.3 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi:
- Om (kalm) te wees beteken om nie bekommerd en opgewonde te wees nie.
- Om (gespanne) te wees beteken om bekommerd te wees.
- Toe die leeu uit die hok vrygelaat is en gedreig het om die boer dood te maak was die boer ... (2)

3.4 Waar of Onwaar. Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

Toe die leeu die boer gedreig het, het die boer gespanne geraak. (2)

3.5 Trek 'n lyn om die stelling in Kolom A met die antwoord in Kolom B te verbind.

KOLOM A Karakter	KOLOM B Byvoeglike naamwoord
boer	gespanne gelukkig kalm

(1)

3.6 Wie het die volgende woorde gesê: "Wie is nou die gek?"

(1)

4.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Die leeu het geskreeu en die boer om hulp gevra omdat ...

A hy in pyn was.

B hy in die hok as gevangene gehou is .

C hy die jakkals as regter wou hê.

D hy sy kant van die storie wou vertel ...

(1)

4.2 Trek 'n lyn om die stelling in Kolom A met die antwoord in Kolom B te verbind.

KOLOM A OORSAAK	KOLOM B GEVOLG
Die leeu was in die hok ...	- toe vra hy vir jakkals om regter te speel ... - toe vra hy die boer om hom te help.

(1)

4.3 Voltooi die sin hieronder.

Die leeu het die boer om hulp gevra omdat ...

(2)

4.4 Waarom het die leeu die boer om hulp gevra?

(2)

4.5 WAAR of ONWAAR. Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

Die leeu het die boer om hulp gevra omdat hy pyn ervaar het.

(2)

5.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wat kan ons uit die storie leer?

A Ons moet ons verstand gebruik om ons probleme op te los.

B Ons moet sterk wees om te kry wat ons wil hê.

C Ons moet hard skree om te kry wat ons wil hê.

D Ons moet wegstap van hulle wat ons gehelp het.

(1)

- 5.2 Wat kan ons uit die storie leer? (2)
- 5.3 WAAR of ONWAAR. Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
Ons leer uit die storie dat ons sterk moet wees om te kry wat ons graag wil hê. (2)
- 5.4 Voltooi die sin hieronder.
Wat kan ons uit die storie leer? Ons leer dat ... (2)
- 6.1 Die leeu het die jakkals 'n gek genoem. Waarom het hy gedink dat die jakkals 'n gek was? (2)
- 6.2 WAAR of ONWAAR. Verskaf 'n rede vir jou antwoord.
Die leeu het die jakkals 'n gek genoem omdat hy nie sterk was nie. (2)
- 6.3 Omkring die letter met die korrekte antwoord.
Die leeu het die jakkals 'n gek genoem omdat hy ...
- A nie hard geskreeu het nie.
 - B nie groot en sterk was nie.
 - C nie geweet het wat gebeur het nie.
 - D dieselfde vrae oor en oor gevra het. (1)
- 6.4 Dink jy dat die leeu slim was? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (2)

7. Lees die koerantberig en beantwoord Vraag 7 tot 9.

DAILY STAR

Johannesburg

Grow Your Mind!

21 Januarie 2012

"SKOOLSKOONMAAK-'N SUKSES"

Belangrikheid van 'n skoon
omgewing

Eagles Primêre Skool het hul
skoolgronde skoongemaak op 12
September 2011. Dit was dig begroei
met droë gras en allerhande gemors is
daar afgelaai.

Gemors is wat ons nie meer wil hê nie.
Dit vervuil ons land, kieme broei maklik
daarin, visse gaan dood in die riviere en
dit maak dit moeilik vir boere om
gewasse aan te plant. Lang gras is
gevaarlik veral omdat slange en soms
mense hulself maklik daarin kan
versteek.

Bydrae van die gemeenskap

Die skool het besluit om iets omtrent hul
omgewing te doen. Ouers, onderwysers
en leerders het saam gespan om die
omgewing skoon te maak.

Soort gemors

Aan die einde van die week na die
opruiming, het hulle 10 sakke papier, 5
sakke glas, 15 sakke ou verotte kos, 25
sakke blikkies (wat hulle aan die
maatskapy Collect-A-Can verkoop het)
en 5 sakke plastiek gevind.

Resultate

Die leerders het die skoonmaakproses
baie geniet. Die afgesnyde gras is
verbrand. Die vrywilligers het die skool
nuut oorgeverf. Teen die einde van die
week was die skool so goed soos nuut.

Eagle Primêre Skool glo dat meer
mense vrywilliglik hul omgewing skoon
en netjies moet maak. Dink jy ook so?

- 7.1 Omkring vier stellings hieronder wat aandui dat vullis nadelig is vir ons omgewing.
- A Nuwe plante groei maklik.
 - B Saad groei nie maklik nie.
 - C Visse kan doodgaan in die riviere.
 - D Kieme groei maklik.
 - E Die omgewing word gou vuil. (4)

- 7.2 Vul die ontbrekende woorde in deur van die onderstaande woorde te gebruik om die sinne te voltooi. Dit moet aandui waarom gemors en vullis nadelig is vir ons omgewing.

lug vrek saad kieme water besoedel

Dit is nie reg om vullis op enige plek neer te gooi nie. Dit sal ons omgewing _____. Ons lewens kan in gevaar wees omdat _____ in sulke plekke groei. Vullis in riviere kan veroorsaak dat visse _____. Boere vind dit moeilik om _____ te plant omdat die grond besoedel is. (4)

- 7.3 Vul die ontbrekende woorde in om die sinne te voltooi. Dit moet aan dui waarom vullis nadelig is vir ons omgewing.

Dit is nie reg om vullis enige plek neer te gooi nie. Dit sal ons omgewing _____. Ons lewens kan in gevaar wees omdat _____ in sulke plekke groei. Vullis in riviere kan veroorsaak dat visse _____. Boere vind dit moeilik om _____ te plant omdat die grond besoedel is. (4)


- 7.4 Skryf vier redes waarom vullis nadelig is vir die omgewing en dit besoedel. (4)

8.1 Vul die ontbrekende woorde in die onderstaande tabel. Die eerste twee is ingevul vir jou:

KOLOM A SOORT GEMORS	KOLOM B HOEVEEL SAKKE?
1. Plastiek	5 sakke
2. Papier	10 sakke
3. Oorskiet kos
4.	5 sakke
5. Blikkies


(3)

8.2 Bestudeer die onderstaande diagram en vul die ontbrekende woorde in:



(3)

8.3 Op die grafiek is twee kolomme ingevul. Vul die drie ander ontbrekende name van die kolomme in.



9.1 Teken en vul byskrifte in die sirkelgrafiek in om aan te dui hoeveel vullis die skool bymekaar gemaak het. Voorsien die grafiek van 'n opskrif. (2)

9.2 Teken en vul byskrifte in op die kolomgrafiek om aan te dui hoeveel vullis die skool bymekaar gemaak het. Voorsien die grafiek van 'n opskrif. (2)

9.3 Teken 'n geheuekaart met byskrifte om aan te dui hoeveel vullis Eagles Primêre Skool ingesamel het. Skryf 'n opskrif vir die geheuekaart. (2)

10.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Eagles Primêre skool het _____'n skoonmaak operasie by hul skool gehad.

- A suksesvol
- B suksssvol
- C sukssessvol
- D suksesvol

(1)

10.2 Omkring die woord tussen hakies wat korrek gespel is.

Eagles Primêre skool het (suksessvol/suksesvol) 'n skoonmaak-operasie by hul skool gehad. (1)

10.3 Maak die onderstreepte woord in die onderstaande sin reg.

Eagles Primêre Skool het sukksesfol 'n skoonmaak-operasie by hul skool geloods. (1)

10.4 Kies die korrekte woord in Kolom A en skryf dit oor in Kolom B.

KOLOM A	KOLOM B
1. sikses
2. sukksesvol
3. sukses
4. suksesvol

(3)

11.1 Skryf die woord tussen hakies korrek neer.

Eagles Primêre Skool was die (skoon) skool in die gemeenskap. (1)

11.2 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

- A skooner
 - B skoonste
 - C mees skoonste
 - D meer skooner
- (1)

11.3 Omkring die woord tussen hakies wat reg gespel is.

Na die skoonmaak-proses was Eagles Primêre Skool die (skoner/skoonste) skool in die gemeenskap. (1)

11.4 Vul die ontbrekende woord in deur na die woord tussen hakies te verwys.

Voor die skoonmaak-operasie was Eagles Primêre Skool die (vuil)_____ skool in die gemeenskap, maar na die skoonmaak het dit die (skoon) _____ skool geword. (1)

12.1 Vul die woorde wat skuins en onderstreep is in die spasies in wat daarvoor gelaat is. Die sin is:

Die jong leerders het die skool met helder kleure geverf.

Bepaalde lidwoord werkwoord byvoeglike naamwoord soortnaamwoord

Die -bepaalde lidwoord.....(voorbeeld)
 jong -
 leerders -
 het geverf -
 helder -
 skool - (5)

12.2 Vul die woordsoorte in: Die atleet hardloop gou om die baan.
 'n Voorbeeld is reeds vir jou gedoen.

<u>bepaalde lidwoord</u>	<u>soortnaam</u>	<u>werkwoord</u>	<u>bywoord</u>	<u>voorsetsel</u>	<u>bepaalde lidwoord</u>	<u>soortnaam</u>
Die	seun	spring	vinnig	oor	die	muur.

(7)

12.3 Skryf 'n sin waarin die woordsoorte identifiseer word. Gebruik die bepaalde lidwoord, soortnaam, werkwoord, bywoord, voorsetsel, bepaalde lidwoord en soortnaam in die sin.

(7)

13.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

As ons ons omgewing skoon hou, sal ons ...

A gesond was.

B gesondheid het.

C gesond word.

D altyd gesond wees.

(1)

13.2 Voltooi die sin.

As ons ons omgewing skoon hou ...

(2)

13.3 Verbind die frase in kolom A met die Inhoud in Kolom B.

KOLOM A	KOLOM B
As ons ons omgewing skoonhou,	is ons gesond.
	het ons gesond.
	was ons gesond.
	sal ons gesond bly.

(1)

14.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Wie het besluit om die skool skoon te maak?

A ouers, kinders, onderwysers

B kinders

C ouers

D onderwysers

(1)

14.2 Identifiseer sinne in die bedrywende vorm in KOLOM A en skryf dit oor in KOLOM B.

KOLOM A	KOLOM B
1.Eagles Primêre Skool se leerders het hul skool skoongemaak.
2. Leerders was deur hul ouers en onderwysers bygestaan.
3. 'n Skoonmaak-operasie is deur Eagles Primêre skool begin.

(2)

14.3 Voltooi die sin deur die bedrywende vorm te gebruik.

Eagles Primêre Skool het verlede jaar 'n skoonmaak-operasie begin ...

(2)

14.4 Skryf die sin oor in die verlede tyd.

Leerders van Eagles Primêre Skool maak hul skool skoon.

(2)

14.5 Skryf die sin in die lydende vorm.

Die skool was deur die leerders, onderwysers en ouers skoongemaak.

(1)

15.1 Voltooi die onderstaande dialoog oor hoe om die omgewing skoon te hou.

Ayanda: "Boties, ek hoor die skool het verlede kwartaal 'n operasie skoon maak gehad".

Boties: "Ja, ons glo dat dit goed is om die omgewing"

Ayanda: "Hoekom?"

Boties: "Man, kyk na die groente tuin. Voorheen kon geen saad daar groei nie as gevolg van die besoedeling. Minder leerders word nou siek, geen vullis minder.....!"

Die Natuur Wetenskap Klub het 'n visprojek in die rivier begin. Nou kan visse in die rivier, want die water is skoon."

Ayanda: "Watter ... het julle alles verwyder?"

Boties: "Glas, plastiek,, ou kos en Ons het selfs R150 gemaak deur die ou blikkies te verkoop aan Collect-A-Can! "

Ayanda: "Ek dink ons moet ook so 'n projek by ons skool begin."

(6)

15.2 Voltooi die onderstaande dialoog oor hoe om die Omgewing skoon te hou. Vul ten minste 3 gesprekke in aangesien die begin vir jou ingevul is.

Ayanda: "Boties, ek hoor die skool het verlede kwartaal 'n operasie skoonmaak gehad."

Boties: "Ja, ons glo dat dit goed is om die omgewing skoon te hou".

(6)

15.3 Jy en jou vriend is in gesprek oor hoe om die Omgewing skoon te hou. Jul gesprek moet handel oor waarom dit belangrik is om die omgewing skoon te hou. Daar moet ten minste drie aanduidings wees van die gesprek tussen julle.

(6)